ISSN 0258-0152

# SWART OP WIT

jg 4/3 vere et iucunde Julie 1988

## SPESIALE UITGAWE

Hierdie spesiale uitgawe van "Swart op Wit" sien die lig terwyl Manie ernstig siek is. Hy ontvang tans beide chemoterapie en bestraling nadat 'n deel van sy slukderm en maag verwyder is.

Dit het alles baie vinnig gebeur. Manie en Annatjie sou Europa besoek het. Voor hulle vertrek het Manie pyn in sy onderlyf gehad en toetse laat doen. 'n Dag voor hulle vertrek laat weet die medici dat hy dadelik geopereer moet word. Na die operasie ly hy aan die naarheid wat met die behandeling gepaard gaan en eet hy moeilik, ook omdat sy maag drasties verklein is. Hy het nog eenmaal die doop bedien en die gemeente by twee geleenthede kortliks toegespreek. Sy toestand versleg egter steeds. Dit is vir hom ontsettend moeilik om te kan skryf.

Hy ontvang steeds baie kaartjies, briewe, telefoonoproepe en ander blyke van ondersteuning. Dit beteken baie vir hom en Annatjie.

Hierdie uitgawe bestaan uit referate en bybelstudie wat Manie gelewer het by 'n predikantekonferensie op Kimberley en tydens die Week van Vernuwing in Kameeldrif. Een referaat van kollega Nico van Rensburg word ook hierin opgeneem (Metodistiese gevoelsgodsdiens).

Dankie aan Clara Kapp van Kitskopié vir die setwerk.

**G. van der Merwe**

## LAAT BERIG

Dr. Manie Malan is op Maandag 18 Julie 1988 in die H.F. Verwoerd-hospitaal oorlede in die ouderdom van 50 jaar. Hy is op 21 Julie begrawe vanuit die Ned. Geref. Kerk Kameeldrif. Dr. Flip Theron vandie Kweekskool op Stellenbosch het die diens gelei.

Ons beoog 'n gedenkuitgawe binnekort, waarin ons meer besonderhede sal verstrek.

**G. van der Merwe**

# DIE GENADE ALLEEN; CHRISTUS ALLEEN

Die versoeking is groot om nou 'n paar boeke oop te maak om aan die ''teorie-inset'' 'n bietjie gewig te verleen. Calvyn sê; soos Noordmans sê... Dis baie menslik om veiligheid te soek in gesaghebbendes, om jou referaat te laat staan op sy voetnote.

Maar ek verstaan my opdrag só dat ek 'n bydrae moet probeer lewer by 'n kursus wat uitermate prakties gerig is. Daarom moet ek hierdie versoeking weerstaan en die ''teorie''-gedeelte van die ''inset'' nie al te ernstig neem nie.

Ek sal dus probeer om uit die pastorale situasie te praat, dikwels met ongewone terme — wat ek hopelik teologies sal kan verantwoord, as u daarna vra.

★★★

Ons kursus moet staan in die teken van 'n ''antipolêre' skema'', d.w.s. waar subjektiwisme en objektiwisme nie met mekaar meeding — totdat hulle met sinergisme, koöperasie, samewerking, in balans gehou moet word nie.

In my eie woorde sou ek wou sê dat ons **kinderlik** moet dink. Ek sou ook kon gesê het naïef (uit die naïewe ervaring), eksistensieel, selfs Skriftuurlik, maar hierdie terme het soveel byklanke dat ek die Bybelse term **kinderlik** verkies.

My indruk is dat ontsettend veel van ons probleme in die praktyk te wyte is aan abstrakteologiese denke. Dit is 'n groef waarin ons geval het en waaraan 'n mens jou bitter moeilik ontworstel. Soms dink ek dis selfs onvermydelik, en dan sê ek dit só: 'n Mens moet eers leer om dinge moeilik te sê, en dan moet jy dit weer afleer. Jy móét deur die donker pyp van die wetenskap kruip om anderkant by die lig uit te kom. Elkeen moet dit blykbaar altyd weer doen.

Dis, begryplik, dieselfde figuur wat ons aantref in Bybelverstaan. Ons bely dat die Bybel eenvoudig is, simplicitas, claritas, selfs perspicuitas, maar dit kos soveel moeite voor jy insien hoe maklik die Skrif is. Dis kos jou jare se ontworsteling aan die wetenskaplike hulpmiddels wat jou wetenskaplik wou help om die Bybel te verstaan.

En tog móét jy daardeur, want kinderlike Bybelverstaan en Bybeluitleg is nie kinderagtige Bybelmisbruik nie. Nie elke simpel banale frase is skielik goed omdat dit eenvoudig is nie. Byvoorbeeld: ''Maats, julle moet op die Here Jesus verlief raak.'' Jy moet wéét wat jy praat as jy dit eenvoudig sê. ''God het jou gered omdat Hy jou jammer gekry het''; ''God kon nie wag tot jy gebore is om jou lief te hê nie''.

Met die rasionele groef waarin ons gevange sit, bedoel ek iets soos die skerp vraag van 'n kollega: ''Ek wil so graag ook vir die mense sê: 'Julle is God se kinders; jý is God se kind', maar sê nou ek sê dit vir iemand wat nie God se kind is nie, dan lieg ek mos vir hom. Dan mislei ek hom?''

Die agtergrond waaruit die vraesteller sy vraag stel, is 'n is-agtergrond. 'n Stand-van-sake agtergrond, wat ons geleer het by die Westerse wetenskap. 'n Ding **is** of hy is nié. Wat is die feite? Iemand **is** òf 'n kind van die Here, òf hy is nié. En as hy nie is nie, kan jy nie vir hom sê hy is nie. 'n Feit is 'n feit.

Kinderlike antwoord jy so 'n vraag deur te sê: Vrind, jy is God se posbode. God skryf aan die mense: Júlle is my kinders; Ek het jóú by die Naam geroep, jy is Mýne. Jou werk is om dié brief (in jou preek of gesprek) af te lewer. Dis nie jou roeping om met die brief in te meng nie. Nog minder om die Briefskrywer onder kruisverhoor te neem. As jy, as bedienaar van die evangelie vir iemand sê: jy is God se kind, en hy glo jou, en hy kom met daardie sekerheid by die hemel aan, sal hy nié beskaam word nie. Nóóit nie. Dis algemene kennis dat die Bybel dit sê; maar selfs die Dordtse Leerreëls sê dit ook.

As jy regtig 'n onkeerbare behoefte het om teoreties oor hierdie probleem na te dink, gaan

doen dit in jou teologiese laboratorium — met vrees en bewing.

★★★

Hoe sal ons nou kinderlik praat oor ''genade alléén''; Christus alléén''?

God het ons innig jammer gekry toe Hy sien ons kan ons skuld (ons voortydig-opgeëisde erfporsie) nie terugbetaal nie, want ons is platsak, toe laat Hy Christus dit betaal. Ons kon nie; ons kon ten ene male nie, niks nie, en toe Christus ál die geld uithaal — tot op die laaste druppel lewensbloed — was dit Christus alléén en daarom genade alléén.

Of: Toe ons al nader gekruip het aan die (helse) vuur totdat ons begin smeul en brand het, ons arms en bene afgebrand het sodat ons nie weer kon uitkruip nie, het God ons innig jammer gekry en ''in Christus'' na ons toe gekom en ons uit die vuur geruk. Christus alléén (ons kon nie); genade alleen.

Moenie huiwer om so dikwels as u wil te sê dat God ons innig jammer gekry het nie. ''Uit genade'' het 'n holle frase geword vanweë al die misbruik. Dit klink selfs vromer in 'n Katoliek se mond as in ons s'n. Almal het dit oor genade, die Arminiane nie die minste nie. Dis nét genade wat maak dat hy die sonde oorwin het en nou so'n goeie mens is — natuurlik veel beter as die tollenaar. Die koddigste misbruik van die woord genade vind ek by diegene wat sê God stel ons genadiglik in staat om aan sy eise te voldoen, en dan red Hy ons op grond van die feit dat ons aan die eise voldoen het, soos bekering. Dan kon God Christus waarlik die kruis gespaar het. Hy kon ons net genadiglik in staat gestel het om aan die wet te voldoen.

Ek weet nie of daar iemand van ons is wat nie skuldig daaraan is nie. Hoeveel lange jare van my lewe het ek waarskynlik ook, as mense sê geloof is 'n voorwaarde, gesê ja, maar onthou geloof is 'n genadegawe.

Wat geloof ook is, maar nié in dié sin dat dit 'n voorwaarde is, 'n skrale goeie werk, en nou gee die Here ons geloof sodat ons sy eksamen kan deurkom nie. Hy kul ons deur, deur ons die antwoorde voor te sê, maar die eksamen word gehandhaaf. Daar móét 'n voorwaarde wees. Waar het jy nou al ooit gehoor van onvoorwaardelike verlossing — waarin 'n mens hartstogtelik mag glo.

Maar by die appél wat oproep tot geloof, kom ons later.

Hou dus genade egte genade. Die merietelose begenadiging van mense wat dit nie werd is nie. Die toerekening van Christus se verdienste aan ons sonder enige ander grond as God se barmhartigheid. En as toerekening 'n woord is wat nie meer verstaan word nie, sê dan God het Christus se gehoorsaamheid aan óns toegeskryf. Sover dit Gód aangaan, het óns aan alle geregtigheid voldoen, maar ons het nié. God regverdig die goddelose; hy laat 'n joernaalinskrywing in die hemelse bank maak waarin Hy Christus se verdienste, dít wat Christus verdien het, op óns rekenings oorboek.

U kan dit nie te radikaal stel nie — omdat die Bybel dit so doen, en omdat die mense u andersins nie sal hoor nie. Hulle sit eeue lank al en slaap bo-op ons belydenisskrifte en onder ons formuliere. U kan hulle nie na die mond praat nie, u mag nie. Gee hulle 'n klip om op te byt (Barth). Laat hulle verstyf in hulle banke.

Maar onthou, u verkondig Christus, die genadige hart van God. U mag die mense nie uit hulle geloof uit skok nie. U moet hulle tróós. U preek moet Gees-vervuld wees, dit is Troostervervuld. U moet hulle bind aan 'n dieper sekerheid as wat hulle ooit gehad het.

Die enigste mense wat aanstoot mag neem, is die Fariseërs — wat eg weier om van hulle selfverwerfde vroomheid af te sien. Húlle het dinge tussen hulle en God reggemaak, en nou kom jy daar aan en sê dis verdwaalde en gevaarlike vroomheid. Gód het alles tussen ons en Hom reggemaak. Hý het ons met Hom versoen. U moet die Fariseër maar in liefde aanstoot gee, mits u hom met die kruis aanstoot gee, en nie met u swak maniere (soos ek) nie.

★★★

Genade alléén en Christus alléén, sola gratia en solus Christus, is twee kante van dieselfde munt. Omdat die genade alléén is, is dit Christus alléén, en omdat dit Christus alléén is, is dit genade alléén. Dáárom kan dit geloof alléén word, slegs maar glo, waaroor later.

As ons hierdie leuse van die Reformasie nie styf vashou nie, het ons geen keuse nie as om in die skema van sinergisme, samewerking tussen God en mens, te verval. As dit Christus alléén is, en uit genade alléén, kán die mens geen bydrae lewer nie. Om iets by te dra, beteken tog dat daar nog iets kortkom. Net so kan ons ook nie sê dat die mens 'n aandeel het nie. Ons verlossing is nie 'n "koöperasie" met aandeelhouers nie. Van Calvyn kom die woorde dat óns enigste aandeel in die verlossingsgebeure die sonde is.

Het ons dan nie **deel** daaraan nie?

Ja,dit is alles **vir** ons. Ons is die ontvangers. Ons maak nie 'n klein bydraetjie en dan ontvang ons 'n deeltjie nie. Ons maak géén bydrae nie, en ons ontvang álles. Dit word oor ons **uitgestort**. Die volheid, sê die Bybel, ál die geestelike seëninge in Christus wat daar maar in die hemel is.

Die geykte segswyse van die Reformasie was dat die heilsgebeure **extra nos**, buite ons, gebeur, maar **pro nobis**, vir ons.

★★★

Nou is die probleem in die praktiese bediening dat die mense dit so moeilik glo.

Waarom sou dit wees? Dit is so ondubbelsinnig die inhoud van die evanglie.

Die oorsake is verstrengel. Ek noem enkele redes wat ek al waargeneem het.

Die godsdienstige mense is Arminiaans geprogrammeerd. Hulle dink dus nie intuïtief gereformeerd nie. Daar is 'n geweldige weerstand wat oorwin moet word. Die gety is teen ons.

Hoewel hulle eie belydenis dit in superlatiewe uitspel, glo hulle dit nie. Hulle noem dit 'n goedkoop genade. Dit is net te goed om waar te wees. En hulle beleef dit as 'n risiko. Sê nou ons dominee is nie reg nie, en ons gaan hel toe. Dan liewer iets ekstra doen. Dit kan nie skade doen nie. Daarin word hulle gesterk en verwar deur leraars van ons kerk wat uitgesproke Arminiaans is — sommige selfs nie uit onkunde nie. Hulle verkondig die keusevryheid van die mens asof die kerk nie al in 418 die Pelagiaanse dwaling veroordeel het en in 529 die semipelagianisme nie. (Die mens behou sy wilsvryheid, maar weens die verswakking daarvan deur die sonde, is die helpende hand van God nodig — sodat daar 'n samewerking tot stand kom tusen die genade van God en die menslike vryheid.)

En dan is daar natuurlik die trots van die mens. So vroom soos die Fariseërs van ouds, gaan dit sy verstand te bowe dat sy toegewyde gehoorsaamheid niks tel nie. Jesus sê sonder My kan julle **niks** doen nie, en niemand kom na My toe as die Vader hom nie trek nie, en: vlees en bloed **kan nie**, julle sal weer gebore moet word. Oor hierdie woorde het die Fariseërs Jesus gekruisig. Hulle verstaan nie wat die beteken om jouself te verloën en agter Jesus aan te kom nie; hedendaags meen en verkondig hulle dat dit die drank, sigarette, dans, langbroeke en bioskoop is wat hulle gelos het.

Maar hiermee mis hulle dan ook die diepe troos en verlossing van die evangelie.

Miskien is die diepste oorsaak van die weerstand teen die vrye evangelie die greep wat die gevoelsgodsdiens op ons mense gekry het. Die opvatting: As jy niks voel nie, dan **is** daar niks.

Ons het geen keuse nie: Ons sal die evangelie onverswak in sy genade-gestalte moet bly verkondig — totdat die oë begin blink en die vryheid daarvan ervaar word. Dit is onsin dat dit pastoraal onmoontlik is, of dat die gereformeerde godsdiens nie "werk" nie. Die teendeel is waar. Ons het 'n hele Bybel vol te sê.

Maar ons sal ook hard daaraan moet werk om 'n einde daaraan te maak dat kollegas presies die teenoorgestelde sê en die mense eindeloos verwar — 'n verwarring wat ons hulle nie kan verkwalik nie.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/3 JULIE 1988*

# Die Appèl van die Evangelie

Tydens 'n konferensie in ons gemeente het 'n ouderling gevra: Bestaan daar nie 'n gevaar dat ons die genade so kan oorbeklemtoon dat ons die goeie werke verwaarloos nie? Waarop dr. Flip Theron geantwoord het: As die goeie werke van die mense in die gemeente nie tot hulle reg kom nie, word die genade nog nie genoeg beklemtoon nie.

Oënskynlik werk dit so dat die sinergistiese skema van die Arminianisme meer aktiwiteit wek — jy moet immers saam-**werk**. God het 'n groot ding gedoen, maar nou moet jy jóú kant ook bring. Daar is dus nog werk om te doen. Die skema maak struktureel daarvoor voorsiening. Dis onmoontlik om nie te werk nie. Per definisie. Dis 'n subsidieskema: vyftig-vyftig of tagtig-twintig — nes u wil. Dit word ook so voorgestel dat die Bybel indikatiewe bevat, maar dan ook imperatiewe. Indikatief is wat God doen, en imperatief is wat jy moet doen.

Gekonfronteer met dié Skrifwoorde wat glashelder sê dat God ons volledig gered het, retireer die sinergistiese teoloog of pastor (of professor) dan in wat tegnies genoem word 'n sacrificium intellectus. Hy sê naas die alwerksaamheid van God staan die verantwoordelikheid van die mens om ook sy deel te doen, en hoe dít kan, is onbegryplik. Daarom "sacrifice" hy sy "intellect" en gebruik die beeld van die tou wat oor 'n balk hang. Die een punt wat jy sien, is: "alles hang van God af"; en die ander punt: "alles hang van jou af". Agter die balk, waar jy nie kan sien nie, kom die toue wel bymekaar, niemand weet hoe nie. Die spanning kan met 'n mes gesny word.

Op gesag van die Bybel en van Berkouwer kan ek u die versekering gee dat die Bybel nie van so iets weet nie. Die Bybel weet maar van één ding: Dat Gód die heil bewerk het, selfs van voor die grondlegging van die wêreld af — waar ons tog nie by was nie — en op die kruis — waar almal Jesus in die steek gelaat het. Só het God ons gered toe ons nog sy vyande was, sê Paulus.

Wat dan van die imperatiewe? Wat dan van die "bloemlesings kondisies" wat die Remonstrante voorgelê het en altyd weer voorlê — waaraan voldoen moet word op die weg der saligheid?

Calvyn het gesê hy weet van méér sulke teksverse as dié waarmee hy gekonfronteer word, maar die hele Ou Testament is een lang klaaglike verhaal van hoe die mense toe nié aan eise kon voldoen nie.

Berkouwer veral het my oë daarvoor geopen dat die imperatiewe van die Skrif in "verbande" staan. Die evangelie van ons totale redding word verkondig, en dan word ons in die lig daarvan opgeroep tot 'n heilige lewe ens. Ons eerste Bybelstudie het een voorbeeld daarvan behandel.

Die appèl van die evangelie is nié om die ontbrekende dinge te doen wat nog kortkom vir ons saligheid nie. Die evangelie roep op tot **geloof**. Dat ons God sal glo, in Hom sal glo.

Wat glo?

Dat Hy ons Redder is. Dat Hý ons uit Egipte en op Golgota uit die slawehuis van die sonde uitgelei en verlos het. Dit is 'n appèl, 'n oproep en 'n uitroep, om God as Verlosser te eer en te aanbid.

Eers word ons bankrot verklaar, wat ons ook is, en dan word ons nie in die steek gelaat en gelikwideer nie, die evangelie van ons redding, ons rehabilitasie word aan ons verkondig — **om geglo te word.**

Dít is die **sole fide** van die Reformasie. Die netmaar-glo. Geloof alléén. Luther sê ons kan die streep onder die **alleen** nie dik genoeg trek nie. Geloof is nie die subminimum waaraan voldoen moet word nie. Geloof is nie iets nie, dis niks. Dis leeg. Dis selferkende bankrotskap. Dis om niks van jou geloof te verwag nie, maar alles van Christus (Theron).

En tog sê die Bybel dat geloof op 'n manier red; en dat ongeloof verlore gaan.

Daarom, en laat ek dit bo alle twyfel duidelik stel, roep ons in die evangelieverkondiging op tot **geloof**. Die **evangelie** doen dit. Dit wil geglo

wees. Daar is absoluut geen sprake daarvan dat ons redding 'n saak tussen die Vader en die Seun is en dáár bly nie. God het die Heilige Gees **uitgestort** (!) om die evangelie, die boodskap van blydskap, wat bly maak, op ons harte te druk, selfs verseëlend in te brand, en ons daarmee te heilig.

As Gees-vervulde bedienaars van die Woord moet ons die mense met die evangelie oorreed om dit te glo. Dit is 'n bose en kwaadwillige karikatuur as dit so voorgestel word dat ons die mense inlig dat hulle gered is en nou kinders van die Here is — deur die doop gesertifiseer — en dat hulle dus nou maar kan ontspan en kan huis toe gaan. Vergeet die res. Ons sien mekaar weer in die hemel.

Nee, die evangelie is die boodskap wat roep om geglo te word. Daarom noem ons dit 'n appèl. Dit wag op 'n antwoord. U kan die mense nie te veel vra of hulle dit glo nie. Individueel en gesamentlik. "Glo jy dat God jou gered het?" (Moet hom tog nie vra om te glo sodat God hom kan red nie. Dis wat hý tien teen een dink.) Eindig 'n preek met die vraag of hulle dié evangelie glo. En sê dan elkeen wat kan staan moet opstaan en saam met die kerk van die eeue **sê** dat hy glo.

★★★

Nou kan ons die probleem natuurlik effens verskuif en vra: Glo die mens uit homself, of skenk God aan hom die vermoë om te glo? Die eerste keuse sal lyk of ons tog weer ruimte maak vir die vrye wil om te kies, en die tweede loop uit op verlammende determinisme. Dit verstom my altyd dat die Arminiaans-georiënteerdes dit nie insien nie. Hulle sê God skenk aan ons die vermoë (die habitus) om te glo. Eintlik sê hulle dit eers andersom: Hulle sê dis jou verantwoordelikheid om te kies, en dan red hulle die genade deur te sê God skenk natuurlik hierdie geloof genadiglik. Dan sit hulle per slot van sake in dieselfde dilemma as diegene wat die uitverkiesing in koue determinisme verander. Streng gesproke moet die pastor dan op huisbesoek aan die man vra: Glo jy al? Is jy al wedergebore? As hy sê nie sodat hy dit kon agterkom nie, dan kan jy hom vertel hoe dit werk as hy belangstel en jy die tyd het, maar jy mors jou asem as jy hom probeer oorreed. God alleen werk die wedergeboorte net soos die geloof, en dit geskied net in die uitverkorenes, so almal moet dit maar afwag.

Die Bybelse evangelie weet nie van so iets nie. Hy gaan kinderlik voort om die dooies uit die graf op te roep. En die evangelie is skerper as 'n tweesnydende swaard in die mond van die lewendmakende Gees. Dit dring deur tot in die kern van die bestaan. Dit roep die dowe ore oop, sodat dié wat nie gehoor het nie, hoor, en die wat nie gesien het nie, sien. Die evangelie loop ons onderstebo, dit word te sterk vir ons, dit oorreed ons. Het Jeremia nie gesê nie: U het my oorreed, en ek het my laat oorreed. U het te sterk vir my geword.

Só is geloof 'n gawe. Só word dit aan ons geskenk. Nie onder narkose of in ons slaap nie. Ook nie as vermoë nie. Christus, geklee in sy evangelie, word aan ons geskenk terwyl Hy ons harte verower. Die genade sit in die evangelie wat aan ons gegee word, gratis bedien word, en wat ons dan om-praat. Die geloof is nie soos 'n tang wat jy uit die hemel ontvang en nou kyk jy rond wat jy daarmee kan vat nie.

U kan dit nog beter bewoord as u kan, maar één ding weet ek: As 'n predikant dít verstaan, wonder hy nie meer wat om te preek nie. Sy preke maal nie rond in 'n paar lieflingteksies soos Joh. 1:12 nie. Sy preke is ook nie meer inligtingspraatjies of populêre lesinkies oor allerlei onderwerpe, om mense te vertel hoe dit en dat werk nie.

Hy bedien die heil. Prediking is die bediening van die heil in die sin van mededeling van die heil — in die sin van deel-gee-aan.

Die vrees en bewing van op die kansel klim is nie 'n vrees wat gebore word uit die vraag of ek nou reg sal sê wat God sê nie. Ek probeer nie in my prediking so na as moontlik daaraan kom om korrek te sê hoe God oor sake dink en oordeel nie. Dis nie 'n kenteoretiese probleem nie. Dis veel erger. U klim op die kansel om die heil uit te deel, die redding, die ewige lewe. Wat ons op aarde open, sal in die hemel geopen wees.

En u klim op die kansel om as instrument van die Heilige Gees te máák glo. U verseker hulle van God se redding uit liefde, en dan probeer u seker maak dat hulle God glo. Daarom is dit onmoontlik om die gemeente al prekende in twee

dele te verdeel — dié wat gered is, en dié wat nog gered moet word. Ek vind dit 'n afgryslike skema. U moet elke lewende siel in die kerkgebou daarvan verseker dat Christus vir hóm gesterf het, en hom vra om dit te glo, en as 'n verloste uit die kerk te stap. 'n Vrygespreekte.

Presies dieselfde doen u op huisbesoek — saam met 'n ouderling. Met huisbesoek loop God in en met sy genade agter ons aan.

Die appèl van die evangelie tot geloof sit in die evangelie self. Die evangelie wil bly maak. As hy nie geglo word nie, maak hy nie bly nie. Dit móét geglo word, nie omdat dit 'n slaagvereiste is nie, maar omdat God liefde is, omdat Hy sy hart oopgeskeur en uitgepraat het op die kruis **en gehoor wil wees**. Watter sin het dit as die Herder na sy skape roep of die Bruidegom verklaar sy liefde aan die bruid, en hulle hoor nie sy stem nie? Hy wil ons trane met sy woorde afvee.

As ons dus sê die mense móét glo, bedoel ons nie daarmee dat ons redding voorwaardelik is nie — dat dit eers geglo moet word voordat dit van krag is nie. Ons bedoel: Jy móét dit net glo. Jy kan tog nie so dwaas wees om God nie te glo nie. God móét geglo word.

Ook as ons sê God gebied ons om te glo, maak ons nie van die geloof 'n strakke wet nie. God gebied ons, Hy beveel ons selfs om Hom te glo, omdat Hy ons liefhet. Omdat Hy geen behae het in die dood van 'n sondaar nie, maar dáárin dat hy na sy Vader terugkom en lewe. (En dadelik maak die moraliste d.i. die boetepredikers van bekering 'n goeie werk, met meriete; en van die verlore seun 'n deugsame held.)

★★★

Aan die begin het ek gesê die Arminiaanse samewerkingsteologie maak daarop aanspraak dat hulle flukse werkers lewer omdat hulle nog iets moet dóén, ja, selfs nie net moet glo nie — want "geloof alleen is nie genoeg nie; duiwels kan ook glo".

Iemand wat die redding van ons onvoorwaardelike redding op Golgota glo, het ontsettend veel te doen. In die woorde van Luther: Aangesien ons nie goeie werke hoef te doen om in die hemel te kom nie, het ons al die tyd op aarde beskikbaar om mekaar met goeie werke te dien. As Calviniste doen ons dit ook nie net deur siele te red nie, maar in alles waaraan ons ons hand sit. Ons bou agter God aan die nuwe aarde, al slaag ons meesal nie daarin om meer op te rig as nuttelose skaalmodelletjies nie. Ons probeer heilig wees omdat God ons geheilig het.

Die oproep tot lewensheiliging, net soos tot geloof, sit ook strukture el in die evanglie. Ons maak nie regverdigmaking en heiligmaking van mekaar los nie — want dieselfde God wat ons merieteloos regverdig verklaar het, het ons ook op die kruis vir Hom geheilig; dít is ons heiligmaking waarvan die Heilige Gees ons al heiligende merieteloos oortuig. (Dit is onwaar dat ons regverdigmaking 'n eensydige daad van God is, en dat ons heiligmaking uit samewerking tussen ons en God bestaan.) Maar die oproep om die Groot Gebod van liefde uit te leef, sit in die evangelie self, dwarsdeur die Bybel — kyk maar by die profete. God het ons éérste liefgehad, sodat ons mekaar moet liefhê. Nie wag tot iemand óns liefhet nie, éérste liefhê, selfs jou vyand. Hy was barmhartig teenoor ons sodat ons sy barmhartigheid sal voortlewe; volmaak sal wees soos Hy wat laat reën en sy son laat skyn ook oor onregverdiges. Die evangelie verwag, struktureel, van ons om veral dié lief te hê wat dit die minste verdien. Dán het ons die evangelie **as evangelie** waarlik gehoor, geglo en verstaan.

Die totale merietelose evangelie van genade word dus die sterkste dryfveer om mense goed te laat wees, sonder om iets terug te verwag. Goed virmekaar omdat dít God se wil is. Om vrugte te dra wat by die bekering pas, is 'n veel dieper saak as om boek te hou van hoeveel siele jy na Jesus gelei het; veral as jy meen dat jy weggewys sal word as jy daar aankom met leë hande.

★★★

As u gereformeerd in murg en been is, moet tog nie laat ek u lekker laat voel omdat u dink ek sê dis hoe ons mense is nie; so vrugbaar met dankbaarheidswerke. Ek sê: So móét hulle en ons wees. Só moet ons hulle maak. Ons het die basis, maar ek vrees: daar is so ontsettend veel te doen.

*ISSN 0258-0152 SWART OP WIT jg 4/3 JULIE 1988*

# HEILSEKERHEID

Ek verwonder my dat die kwessie van heilsekerheid, dikwels geloofsekerheid genoem, soveel diskussie in ons kerk uitlok. En so 'n geweldige probleem is. Sou dit 'n bewys wees dat ons (Nederduitse) Gereformeerde Kerk so gedeformeer het dat die mense nou veg oor iets wat die Reformatore die **sekerste** geag het — die ewige heil?

Ek kan dit kwalik anders sien: Die Metodistiese Arminianisme — en al die Pinkstersektes — het die mense oorreed dat hulle nog gered moet word, en nou is niemand seker wanneer hy gered is nie.

Die sekerheid, die gewisse sekerheid van die heil, lê nie in ons seker wees daarvan nie, dit lê daarin dat Gód ons heil bewerk, en dit vir ons gesê het. Ek is nie seker omdat ek seker is nie, ek weet omdat God so gesê het.

Dit is vir my so eenvoudig dat ek soms nie eens meer die probleem kan insien nie. As jou pa of jou dominee vir jou gesê het iets gaan gebeur, kan jy daaraan twyfel, maar as Gód so gesê het, is dit tog onmoontlik om te twyfel. Behalwe as jy meen God lieg, of Hy het 'n behae daarin om sommige mense vir die gek te hou, wat in die lig van sy Woord belaglik is.

God het sy Seun gestuur wat die prys eens en vir altyd betaal het, en sy Seun, ons Heer, het gesê ons moet na ál die nasies toe gaan en hulle doop in die Naam van die Vader, Seun en Heilige Gees, wat sekerlik die implikasie het dat ons vir hulle moet sê dat Jesus vir hulle gesterf het. Dus: As iemand hoor God sê: Jy is my kind, hoe kan hy twyfel? God sê dit in en op sy Woord.

Met ons ope Afrikaanse Bybel, kan iedereen dit self lees en glo. Maar vanweë die swakheid van ons vlees (sê Calvyn waarskynlik) stel God ook nog verkondigers van sy Woord aan wat agter die mense aanloop en seker maak dat hulle verstaan wat hulle lees, en hulle dan daarvan verseker dat hulle mág glo.

Dan moet die bedienaars van die Woord natuurlik die Woord **bedien**. Hulle moenie die mense soos speurders van die veiligheidstak ondervra nie: Het jy sekerheid? Is jy 'n kind van God? Is jy al wedergebore? Onlangs by Bet-Elim, het ek dit weer ad nauseam moes aanhoor. Maak dubbel en drie maal seker of jy 'n kind van die Here is; of Hy in jou hart ingekom het; of jy 'n persoonlike verhouding met God het. Dit word uit die mense uitgeskreeu en uitgepers. Vreemdste is dat die mense dit opsigtelik geniet.

Dit is skromelike pligsversuim. Die bedienaar van die Woord vra nie van die mense of hulle kinders van die Here is nie, hy verkondig die blye boodskap aan hulle dat hulle is; dat God hulle weer as kinders aangeneem het danksy Christus; dat God Hom in Christus met ons versoen het, en dat ons sonde daarom vergewe is. Die bedienaar van die Woord vra nie na heilsekerheid nie, hy géé dit.

Al wat die leraar die hoorder kan vra, is of hy die evangelie dat ons heil seker is, glo. As hy dit glo, is hy seker. Geloof is eksistensiële sekerheid, 'n "seker kennis".

As iemand vir jou sê hy het nie geloofsekerheid nie, moet jy hom weerspreek. Jy moet sê: nee, jy maak 'n fout. Jy hét sekerheid, kyk hiér staan dit. Dis soos 'n brief van die minister. Vra die vergadering van grondeienaars: Het ons nou al sekerheid of die swart woongebied hier kom; sê die voorsitter: Ja, ek lees aan u voor uit die brief wat ons van die minister ontvang het.

★★★

Nou is ek nie blind vir die feit dat mense desondanks twyfel nie. Hulle het dit swart op wit, maar hulle twyfel omdat hulle dit nie verstaan nie. Hoe sal hulle glo as daar nie een is wat preek nie...

Dan is daar ook dié wat eenvoudig so geïndoktrineer is dat hulle geen sekerheid wat sy oorsprong buite hulle het, wil aanvaar nie. Dit voel vir hom koud en ver. Hy wil 'n sekerheid hê wat hy kan **voel**. Dit moet diep binne in hom gebore word, dan voel hy seker. "As jy niks voel nie, dan is daar niks."

Dit is 'n mistieke gnostiek wat sy tienduisende verslaan en wat Van Ruler heidendom noem. Het iemand eers die stem van God in sy binneste gehoor — toe die Here Jesus in sy hart in

gekom het — kry jy hom nie sommer weer daarvan af nie, behalwe as jy hom op die ashoop van wanhoop optel. En iemand wat behep geraak het daarmee dat hy 'n ''persoonlike ontmoeting'' met God móét hê — omdat ander van die wonder daarvan getuig — gaan bitter moeilik tevrede wees daarmee as jy hom tot rus wil bring net maar met iets wat êrens op Skrif staan, nog voordat hy iets voel, en selfs daarsonder.

Ek weet waarvan ek praat. Ek het, seker soos die meeste van u, deur hierdie donker tonnels gekruip. Al wat jy voel, is mislukking en die brandpyn van jou sonde, en die spotters bly vra vir jou: Waar is jou God — jou dae en nagte gaan in droefenis verby.

Waar was die wonderlikste religieuse oomblikke van my lewe?

Daar waar ek, soos 'n egte profeet, en gees en in krag uit die oop Woord en deur die geopende Woord vergruis, aan die arme mense kon sê: Só sê die Here: Hy het alles gesien wat julle gedoen het — hoe julle voor die afgode gebuig en geswig het, Hy het so staan en kyk — maar Hy het julle altyddeur liefgehad. Hy het na julle verlang; gewag dat julle moet terugkom van julle owerspel af.

Of wanneer ek langs 'n bed aan iemand woorde gee om mee te sterf. Sekerheidswoorde, al was hy 'n moordenaar. Hoe sekerder die versekering hoe suiwerder die ekstrase van die mannetjie, die homunculus (Calvyn), langs die bed.

En soms, baie selde, nadat P de B Kock huis toe gegaan het, het my hart in my opgespring van vreugde onder trane, as 'n bedienaar van die Woord die ware, egte, volle evangelie bring. Soms ook, nog seldsamer, oor die TV of die radio.

Daarmee wil ek sê dat die gevoel nie aan ons vreemd is nie. Ons het dit nie teen gevoel nie — slegs wanneer die gevoel tussen ons en God kom staan, of wanneer 'n godsdienstige reus ander met sy gevoelservaringe intimideer — ons het dit nie teen gevoel nie, maar ons vreugde lê daarin as ons die Herder met die skape hoor praat; die Trooster met die troosteloses; die Vader met sy kinders, uit sy Woord.

Wil ons dus — by wyse van spreke — van 'n intellektuele geloofsekerheid (''kyk hier staan dit'') oorgaan na 'n psigiese sekerheid, moet ons die Woord met ons hele hart bedien. Hartstogtelik. Laat hulle maar sê jy is 'n apostolie. Hulle sal dit nie lank bly sê nie. Volhard daarmee, tydig en ontydig, as jy gaan lê en as jy opstaan en as jy op pad is; en as die mense wat jou prys die volgende Sondag in ekstase is oor 'n boeteprediker wat hulle in die hel in geskel het, as hulle nie self uitklim nie. Moenie moedeloos word nie. Een of ander dag word die flouste oë helder en kom die stamelende stemmetjie: Dominee, nou verstaan ek. Dis so wonderlik... van die genade...

★ ★ ★

Die sekerheid van die heil word dus aan ons meegedeel deur die Woord — wat ons moet deurgee.

Maar nou het die Here Jesus self aan ons twee ekstra sekerheidstekens gegee om ons geloof te versterk, d.w.s. om dit makliker te maak om te glo. D.w.s. om die sekerheidsgevoel oor die heil te versterk.

Hoewel die sakramente in die Protestantse wêreld misken en misbruik word, is daar alle rede viir om dit in ere te herstel en aan te wend ten bate van geloofsekerheid.

Die bediende van die Woord sê van die kansel af dat God die mense in die kerk liefhet. Maar nou sit daar baie, waarskynlik almal behalwe die rasegte Fariseërs, wat dit betwyfel. Omdat hulle weet hoe groot hulle sonde en ellende is — waarmee hulle maar nie klaargespeel kan kry nie. Hulle het met die gedagte grootgeword dat Jesus nie in 'n vuil hart kan woon nie, en daarom diskwalifiseer hulle hulleself vir die liefdeswoorde van God. As die dag tog maar kan aanbreek dat hierdie woorde ook op mý van toepassing is — dink hulle — as my hart net enigsins skoon genoeg kan kom dat ek dit oor my hart kan kry om Jesus in my hart in te nooi.

Vir hiérdie mense, die berouvolle sondaars, wat nie aldag berou van swaarkry kan onderskei nie, het Jesus in die nag waarin hy verraai is (LW), brood geneem en dit gebreek.

Ek is bewus daarvan dat daar meer kante aan die sakramente is, veral in die nuwe verkorte formuliere wat tot vyf punte onderskei, 'n ten vier en 'n ten slotte, maar veral in die klassieke nagmaalsformulier vind ek maar één hoof-

punt: Dat die sakrament 'n **waarborg** is. "Dat ons **vas kan glo** dat ons tot hierdie genadeverbond behoort"; dat ons "soos in die geval van 'n blywende aandenking en pand, herinner en **verseker word** van hierdie hartlike liefde en trou van My teenoor julle"; "julle word hiervan **verseker** deur die brood wat voor julle oë gebreek word..."; "dat Hy ons geloof en vertroue rig op sy volmaakte offer, wat eenmaal (d.i. eens en vir altyd) aan die kruis volbring is, **as die enigste grondslag van ons saligheid**". Baie paslik haal die verkorte formulier uit HK 23 aan: "Hierdeur **waarborg** Hy sy soenverdienste vir ons so volledig asof ons **self** voor God gestaan het, self die straf vir ons sonde gedra het, **self** daarvoor gesterf en opgestaan en ons geregtigheid voor God verwerf het." En voeg dan by: "Die **sekerheid** wat hierdie **waarborg** ons gee, is nie gegrond op ons gevoelens of stemminge nie, maar op die tekens uit die hand van die Here, ja, is op die Here self gegrondves."

Waar wil jy nou 'n beter bewys vir die sekerheid van die heil kry. Nie 'n algemene sekerheid nie, 'n sekerheid wat in jóú hand en jóú mond gegee word. As u die formulier lees, beklemtoon tog die regte woorde: "So seker as vir **elk-een** hierdie brood voor **sy** oë gebreek word, en hierdie beker aan **hom** gegee word en ons (**hy**) dit **met die mond** eet en drink, so **seker** het ons (**hy**) deel aan Christus..."

Net so by die doop: Die dopeling word **by name** aangespreek — sodat almal kan weet die Here praat met hóm, en hý ook later. Die gebed lui: "Daarom bid ons U om ook **hierdie** kind van U genadiglik aan te sien..."

★★★

Elke beweging in of buite die kerk wat begin om die mense en die jong kinders op skool te red, vee met vrome onverskillige hande die sakramente van die tafel af. U kan hulle maar op die punt aanvat. Hoe eerliker hulle is, hoe openliker sal hulle hierdie formuliere as mensewerk afmaak, en die nagmaal reduseer tot 'n mistieke herinneringsfees (soos Rome ons gewaarsku het) wat hoogstens kan dien om ons gemoed (mee) op te skroef. Die doop verander van 'n kinderdoop in 'n volwassedoop, en van 'n waarborg deur God, in 'n teken van die vrome keuse van die mens; asof God behoefte aan tekens het.

As ons die sakramente in ere herstel ten bate van die belewing van heilsekerheid, sal die gevaar van sakramentalisme seker op die horison verskyn. Tans kan ek my dit skaars voorstel, ondanks die feit dat ons deur "vriend" en vyand daarvan beskuldig word dat ons sê die doop red.

Die antwoord op dié klag is eenvoudig: Die doop red nié; die doop is die waarborg wat God gee dat Hý op Golgota gered het. Dis so eenvoudig soos die verskil tussen die papier en die woorde wat daarop geskryf of gedruk is. Die papier is so waardeloos soos die doopwater — waarmee jy een gemiddelde potplant kan natgooi. Maar staan daar op die papier gedruk: "Ek beloof om op aanvraag te betaal aan toonder te Pretoria vyftig rand" — dan minag jy nie sommer die stukkie pienk papier nie. Nou staan daar op die doopseël (kragtens die doophandeling): "Ek beloof op aanvraag te betaal aan toonder in die hemel een perseel met eiendomsreg tot in ewigheid." Op grond van die reddingsgebeure aan die kruis.

Ek kan nie sien waarom dit pastoraal onhaalbaar sou wees om kinders van kleins af met die sakramentele geloofsekerheid te laat grootword nie. Dis dan wat die ouers belowe. Hoe die verbondskinders dan weer in hulle tienerjare oortuig kan word dat hulle verlore is — sodat hulle gered kan word — weet die duiwel alleen.

As ons maar net daarin kan slaag om die honderde glimmende sprekers te verbied wat vertel dat hulle ook vroeër sulke simpel vormgodsdienstiges was soos hulle luisteraars — totdat hulle die groot stap geneem, en gered is, en toe nooit weer kon ophou lag en wen nie. Dis, kerklik gesproke, soos om ANC-inligtingsbeamptes die vryheid te gee van elke stad en stat — om die land te vernietig. Want ons kerk word vernietig deur sprekers wat sy doodsertifikaat uitskryf, en die mense aanspoor om die kerk nie te glo nie. Die kerk sê: so seker as wat jý hierdie stukkie brood eet... maar die sinergiste sê nee! "Wil jy vir my sê!...

Ja, ek wil vir jou sê. Want Gód wil vir jou sê: "So lief het Ek die wêreld gehad dat Ek my eniggebore Seun gegee het sodat **elkeen**, dus jy ook, wat in Hom glo, nié verlore sal gaan nie."

Jy mág dit glo; jy móét dit net glo; kyk die brood, kyk die wyn. Glo dit asseblief!

# Die Breuk met Wet en Tempel

*Hand. 6:8-8:1a*

Die preek van Stefanus is een van die groot waterskeidings in die Bybel, want dit maak die evangelie los van Jerusalem — sodat dit die wêreld kan verower.

As 'n mens oppervlakkig na sy rede kyk, lyk dit bloot na 'n stuk onskuldige geskiedenis, maar as jy na die afloop kyk, weet jy dat sy interpretasie van die geskiedenis swanger is aan moord.

Stefanus word daarvan beskuldig dat hy dislojaal is aan die tempel en die wet van Moses. In antwoord daarop hê hy die geskiedenis uit, en hy eindig met sy lojaliteit aan Jesus wat deur Moses belowe is, en deur die Jode vermoor is omdat hulle ongehoorsaam was aan die wet.

★★★

In die loop van sy verhaal wys Stefanus daarop dat God deur die eeue nie plekgebonde was nie. In Mesopotamië en in Haran praat God met Abraham — toe hy nog nie een vierkante meter grond in Kanaän had nie. Met Moses praat hy op die berg Sinaï, en Hy is teenwoordig in Egipte waar Hy met besorgdheid aanskou hoe sy volk verdruk word. En dan is God ook voortdurend by sy volk in hulle swerftog deur die woestyn. Dit strook dus nie met die feite van die geskiedenis om God aan die tempel te bind nie.

Wat die tempel betref, was God in die woestyn bereid om in 'n tent te woon — waarvan Hy self die plan opgetrek het. Toe Dawid, die man na God se hart, graag 'n tempel wou bou, het God dit van die hand gewys. Eers Salomo mog die tempel bou — Salomo wie se hart deur afgode verlei is — maar van hierdie tempel het God deur Jesaja laat sê dat Hy nie in wonings woon wat deur hande gemaak is nie, dat die **hemel** sy troon is; woorde wat Salomo self ook by die inwyding van die tempel gebruik het.

Stefanus wys dus, soos 'n egte profeet, die verafgoding van die tempel af en sinspeel daarop dat dit vergelykbaar is met die sigbare, swierige goue kalf wat "ons voorouers" in die woestyn aanbid het.

Wat Moses (en Jesus) betref, plaas Stefanus hom in die ry van Josef wat deur sy broers ("die stamvaders") op 'n gruwelike wyse verwerp is, maar deur wie God hulle gered het. Moses self het deur die wonderbaarlike beskikking van God behoue gebly — net om deur die volk verwerp te word toe hy in Egipte vir hulle in die bresse getree het. Soos Jesus is hy die woestyn in gedryf, en tog deur God weer daaruit geroep om hulle uit Egipte te lei. Maar in die woestyn is hy wéér deur hulle verwerp — toe hulle terug na Egipte wou — met die woorde "ons weet nie wat met hierdie Moses gebeur het wat ons uit Egipte gebring het nie". Dít terwyl Moses besig was om die wet van God by God self te ontvang. By geleentheid wou die volk Moses selfs stenig.

En dan gebruik Stefanus Moses self om Jesus te verkondig deur die wettiese Jode daarop te wys dat Moses self 'n profeet belowe het **soos hy** wat die volk sou verlos.

In Stefanus se betoog sit 'n opbou, 'n aanloop wat uitloop op 'n crescendo, wat hom sy lewe kos. Soos die "ons" wat oorgaan in 'n "julle!". Uit die geskiedenis toon hy aan dat die Fariseese gesindheid en hardnekkigheid altyd teenwoordig was. Die "stamvaders" het Josef vermoor. Die volk het nie die insig gehad om te verstaan dat Moses hulle wil verlos nie, en hom (net soos vir Jesus) snedig toegesnou "wie het jou as 'n leier oor ons aangestel?" Twéé keer noem Stefanus dit. In die woestyn wou hulle nie na Moses luister nie — hulle het hom verstoot, sê die Ou Vertaling; verontagsaam sê die Nuwe, afgewys sê die goeie Groot Nieuwsvertaling. Dit het hulle met hulle verlosser gedoen, en hom toe vir die goue kalf verruil (soos Jesus vir Barrabas), die goue kalf waarmee hulle baie in hulle skik was.

Die betoog word dus al skerper want met die goue kalf word hulle heidens. Daarom sê Stefanus direk daarna dat God hulle laat begaan het om die sterre te aanbid — as Stefanus eeue se afval in één oordeel saamtrek en hom op Amos beroep wat terugskouend sê Israel het nie vir Jahwe offers in die woestyn gebring nie, hulle het die tent van Molek met hulle saamgedra — dit was húlle motief — en hulle het die ster van die God Refan aanbid, Molek en Refan, albei twee heidense hemelgode. Dáárom het God hulle verban na Babilon. Amos het destyds vir die Tienstammeryk geprofeteer "verder as Damaskus", maar Stefanus pas geestelike eksegese toe op die profesie van Amos en verander dit na "by Babilon verby".

Dít is die ware profiel van die volk Israel. Dít is die diepste gedagtes van die Fariseërleiers van Israel. Dit is 'n leuen as hulle sê hulle is nie soos hulle voorvaders wat die profete doodgemaak het nie. Stefanus bevestig dus wat Jesus in Matt. 28:30 gesê het: Julle sê: As ons in die dae van ons voorvaders gelewe het, sou ons nie

die profete doodgemaak het nie. Julle rig monumente op vir die profete maar julle lewe 'n leuen.

Daarom bars dit oor Stefanus se lippe: Hardkoppiges! Halstarriges! Julle is absoluut onbekeerbaar, want julle weier eeue lank al om na die woorde van God te luister. Julle verset julle teen die Heilige Gees! Was daar ooit 'n profeet wat nie deur julle voorvaders vervolg is nie?

Jesus het van hierdie historiese feit gesê: Gaan voort met julle moord! Voltooi wat julle voorvaders begin het. En nou sê Stefanus dit ook: Julle het húlle doodgemaak wat die koms van die regverdige Jesus aangekondig het, en toe het julle Hóm ook verraai en doodgemaak!

Is ék ontrou aan Moses en die wet?, vra Stefanus. Is julle gehoorsaam aan die wet? Die liefdesgebed van God? Deur bemiddeling van engele het julle die wet van God ontvang — en dit toe nie gehoorsaam nie!

★★★

Daarmee het Stefanus hom en die Jode in die beskuldigdebank ingepraat. Hulle lewe een groot leuen. Hulle beskuldig hóm dat hy die wet oortree, terwyl die hele wet en die profete teen hulle getuig.

Dan doen die Jode presies waarvan hy hulle beskuldig het. Geen sprake van bekering nie. Met hulle harde harte kners hulle woedend op hulle tande.

En dan kom die klimaks.

Toe Jesus in dieselfde raadsaal tereg gestaan het, het Hy gesê: "Van nou af sal julle die Seun van die mens sien waar Hy aan die regterhand sit van die almagtige God". Toe het hulle Hom doodgemaak.

En Stefanus sê wat hý sien: "Kyk, ek sien die hemel geopend en die Seun van die mens wat aan die regterhand van God staan." Toe het hulle hom brutaal met klippe doodgegooi — terwyl hy, soos sy Meester, vir hulle bid, sy Meester wat by die troon van God opgestaan het om vir hulle te pleit. En hy het, soos sy Meester, sy gees in die hande van Jesus beveel, en ontslaap.

Die verhaal eindig met vermelding van Saulus, die Fariseër, wat, ewe verhard, sy dood goedkeur. Saulus, die Fariseër, wat deur God ingebreek sou word om oorvloediger te arbei as almal omdat hy, beter as almal, sou verstaan hoe dat God die goddelose regverdig maak terwyl hulle as sy vyande teen die prikkels skop en slaan. Paulus wat die hele Bybel, soos Stefanus, sou interpreteer veral in die brief aan die Romeine in Rome, die hoofstad van die wêreld.

★★★

Ek het hierdie Bybelstudie gekies as inleiding vir die bespreking van die kategese nie omdat dit ons 'n les leer oor die tegniek van die kategese nie, maar omdat ek nog nooit 'n kategeseboek raakgeloop het wat erns maak met Stefanus en Paulus se Nuwe Testamentiese visie op die Ou Testament en die geskiedenis van Israel nie. Veels te veel word die Ou Testament as fragmentariese geskiedenis aangebied en geïnterpreteer, heldefigure word uitgelig, die getuienis van die profete word geïgnoreer of uitermate afgeswak en die ballingskap òf oorgeslaan, òf nie uitgewys as die bankrotverklaring van Israel nie.

Noordmans het, ook met beroep op die rede van Stefanus, die geskiedenis van Israel getipeer as die geskiedenis van die sonde wat sneeubal en wat Adam se misdryf na 'n mitologiese onnoselheid laat lyk. Die klimaks van die geskiedenis van Israel is die moordaanslag op God.

Teen hiérdie agtergrond kan die evangelie eers suiwer verstaan word as die redding van die goddelose vyande van God. En die Kategismus wat sê ons maak ons sonde elke dag net meer.

In hierdie lig kan elke stukkie moralisme wat geïsoleerde uitsprake in die Ou Testament misbruik en verkeerd verstaan en wat die wettisisme van Stefanus se moordenaars wil voortsit, ook by die wortel afgesny word.

Só sal ons kinders eers die kruis op Golgota reg kan verstaan, en Paulus se woorde: "Is ons as Jode dan beter as die ander? Hoegenaamd nie, want... Jode en nie-Jode (is) almal in die mag van die sonde. Daar staan immers geskrywe: Daar is nie een wat regverdig is nie, selfs nie één nie. ... Maar nou het die vryspraak deur Gód, waarvan die wet en die profete getuig, in werking getree. Dit is die vryspraak wat nie verkry word deur die wet te onderhou nie, maar deur in Jesus Christus te glo... Almal het gesondig en dit ontbreek hulle aan die heerlikheid van God, maar hulle word, sonder dat hulle dit verdien, op grond van sy genade vrygespreek vanweë die verlossing deur Jesus Christus." (Rom. 3:9,10,21-24)

# ULTRA GEREFORMEERD

Ons kerk is gereformeerd; Hollands-gereformeerd sê sy naam.

Op soek na die ware betekenis van "gereformeerd", ondersoek ons die moontlikheid dat 'n mens 'n karikatuur, 'n spookbeeld en 'n bespotting van Gereformeerde Christendom kan maak.

Dit is baie moeilik om jouself so te ondersoek. 'n Mens se sonde kan baie maklik maak dat jy jou eie foute vir deugde aansien en jouself dan vryspreek. Daarom laat ek iemand anders kritiseer, naamlik die Hollandse teoloog AA van Ruler. Hoewel hy ook 'n gereformeerde teoloog was, was hy verbonde aan die Hervormde Kerk in Holland; dus nie van die gesuiwerde Gereformeerdes nie. Sy artikel van 66 bladsye oor ultragereformeerde ketterye, wat ek kort opgesom het, is sy laaste geskrif voor sy dood in 1970.

In sy poging om ons te waarsku teen die gevare van gereformeerde ketterye, gebruik Van Ruler veral die sogenaamde swartkousgemeentes in Holland. Sulke kerke bestaan nie in Suid-Afrika nie. (Ons het net Blourokke.) U kan self oordeel in watter mate die dinge wat hy uitwys in een of ander vorm wel by ons voorkom. Indien wel, sal ons dan moet uitmaak of ons nie die nodige regstellings moet doen nie.

* Die eerste punt wat hy uitwys, is dat die ultra-gereformeerde (soos seker ons almal en die sektes) nie bedoel om te dwaal nie. Maar waar die sekte meen om die waarheid te dien deur van die gereformeerde belydenis af te wyk, wil die ultra-gereformeerde juis nougeset by die belydenis bly. Hy gee homself uit vir die suiwerste Christen denkbaar — en dit maak dit so moeilik om sy kettery uit te wys, want dit is vermom agter regsinnigheid.

* Tweedens wys Van Ruler daarop dat hierdie stoere gereformeerdes (met die stemmige swart kouse), nie tyd het vir dominees wat "Christusmannetjies" is nie. Dit is die tipe dominee wat in sy preke vertel van ons redding wat eens en vir altyd op Golgota verwerf en geskenk is; wat pleit by die mense om dit te glo — om die evangelie aan te neem; wat diegene wat die evangelie glo, daarvan verseker dat hulle absoluut seker kan wees van hulle saligheid.

Die reaksie van die ultra-gereformeerde hierop is dat hy "meewarig" en "veragtelik" daarop neersien, en sê: "Ag, al weer so ou Christusmannetjie. Ons dominee praat net altyd oor Christus en sy redding." Hy bly maar aan die buitekant. Wat help dit ons om te weet dat Christus in Betlehem gebore is en op Golgota gesterwe het? Die Christus waarvan die Bybel vertel, moet 'n innerlike Christus word. Hy moet in jou hárt gebore word. Dáár moet Hy sterf en opstaan. Dít is die ware redding.

Van Ruler sê hiermee verval die ultra-gereformeerde in die ergste kettery denkbaar wat hulle selfs buite die Christendom plaas. Want iemand wat sy redding nie maar buite homself soek nie, maar in homself, is nie meer 'n Christen nie.

* Die derde dwaling is die super-gereformeerde se verdraaiing van die leer van die uitverkiesing.

Die ware uitverkiesing is nie net 'n werklikheid wat 'n mens om jou kan waarneem nie, maar dit is ook die onweerspreekbare leer van die Skrif. Dit is egter bedoel om te vertroos en te versterk, maar die ultra-gereformeerdes maak daar 'n stuk koue kennis van, wat die verkondiging van die evangelie al sy betekenis laat verloor. Want God roep nie die uitverkorenes deur die evangelieverkondiging nie. Díé wat uitverkies is, sál gered word, en dié wat verwerp is, sál verlore gaan, sê die ultra-gereformeerde diep in sy hart.

Daarom het hy geen erg aan 'n Christusmannetjie wat arms swaai op die kansel nie. God het klaar besluit, so wat mors jy jou asem.

* Die vierde dwaling van die ultra-gereformeerdes, sê Van Ruler, is hulle beheptheid met die sonde. 'n Sondaar is 'n dooie mens. En 'n dooie mens is 'n lyk. En al wat 'n lyk kan doen, is om te ontbind. So lê die mens daar en stink in die neusgate van die Here. Niks en niemand kan hieraan iets doen nie. Al wat hierdie morsdood mens kan doen, is om te **wag**; te wat tot dit die Here behaag om aan hom aandag te gee en die wonder-opwekking uit die dood te laat plaasvind.

Dit, sê Van Ruler, is tog nie waar nie. Die mens is alles behalwe morsdood. Hy is springlewen-

dig in sy sonde en in sy opstand teen God. Dit is juis **in** hierdie sonde, hierdie rebelse sonde, dat Hy gered word deur Christus terwyl Hy nog God se vyand is. Van Ruler sê die sondaar moenie daar staan en seur oor sy sonde nie, hy moet sy skuld bely. Kennis van ons sonde maak ons nie pap en willoos nie, dit bring ons voor God te staan, en daarom direk by die verlossing.

* Vyfdens, sê Van Ruler, prys die super-gereformeerdes twyfel aan as normaal. Totdat jy 'n **innerlike** belewenis gehad het dat jy uitverkies is, kan jy nie van jou saligheid verseker wees nie. Volgens hulle is dit dus eintlik regsinnig en die begin van vroomheid om te twyfel.

Maar hierdie hele houding is lynreg in stryd met wat die Reformasie, waar die gereformeerde kerke gebore is, gesê het. Die Reformasie, sê Van Ruler, het gesê daar is niks op Gods aarde waarvan jy so seker kan wees as van jou saligheid nie, want Gód sê so. Dit gaan nie daaroor dat jy dit **voel** nie, maar dat God so sê, en dat jy God glo.

* Dit bring ons by die volgende punt: Die rol van die **gevoel** by die ultra-gereformeerdes. Goed gereformeerd sê hulle ons word gered deur 'n **ware** geloof, maar as hulle dan moet sê wat 'n ware geloof is, is dit nie om jou ten volle op Christus te verlaat nie, 'n ware geloof is 'n **egte** geloof, 'n **ernstige** geloof, en daarom 'n geloof wat jy kan **voel**. Ten slotte kan jy dit **voel** in jou hart, en dáár lê jou sekerheid. In Van Ruler se eie woorde: "Dit is 'n waarneming, nee, 'n gewaarwording, 'n betowerende aanraking tot in jou diepste innerlike. Al waarmee dit vergelyk kan word, is met die verliefdheid en die dronkenskap van geslagtelike gemeenskap." En verder sê hy: "'n Mens staan op die punt van jou groottoon. 'n Mens reik op na die hemel, jy rek met jou gevoel om die ewige raad van God by te kom. 'n Mens voel selfs die uitverkiesing 'n oomblik lank. Maar dan val jy uitgeput in 'n geestelike dorheid en doodsheid terug wat verskriklik is... In hierdie woestyn het die ultra-gereformeerdes verdwaal geraak en hulle verlei ander mense om ook daar te gaan dwaal. 'Solank ek niks voel nie, het ek niks' — dit is hulle droewe slagspreuk.

* Teen hierdie agtergrond is dit nie vreemd nie dat die ultra-gereformeerdes ook oor die Heilige Gees dwaal, sê Van Ruler in die sewende plek. Die Gees werk slegs wanneer daar iets in my hart gebeur; iets wat ek kan **voel**. "De Géést, meneer? De Geest? Die is pas aan de gang, als er wat in mij stenen hart gebeurt!"

Dit is volledig in stryd met die Bybel wat sê dat die Heilige Gees nie net uitgestort is nie, maar ook by ons **inwoon**. Hy dwaal nie soos 'n spook rond en raak nou en dan aan iemand se hart nie. Hy is by ons in die verbond, in die prediking — "as die dienaar van die Woord — sprekende uit die Skrif — op die kansel staan en die **volle** heil in oorvloed uitdeel."

* Wat sou die ultra-gereformeerdes met die sakramente maak? — in die agste plek.

Dis net begryplik, sê Van Ruler, dat hy nie veel van die sakramente dink nie. Sakramente is uiterlike tekens, uitwendige tekens, en vir die ernstige ultra-gereformeerde gaan dit alles oor **in**-wendigheid. Inwendige sekerheid, hartsgebeurtenisse.

Daarom kyk ons swartkouslidmaat neer op die doop as hy dit hoogstens 'n **uitwendige** teken van die verbond noem, en die nagmaal, jy kan skaars jou oë glo, gebruik hy liefs nie. Hy sê hy is te sondig daarvoor, en dis ook 'n teken van regsinnigheid as jy nie nagmaal gebruik nie. Maar as hy op die kerkraad dien, waarvoor hy nie te sondig is nie, hou hy ander van die nagmaal weg met sensuur.

* Die negende ketterse kenmerk wat prof. Van Ruler raaksien by die super-gereformeerdes, is koppigheid. Hy noem dit verabsolutering van eie insigte, maar as hy dit beskrywe, kan jy sien dis niks ander as koppigheid nie.

Die wonder van ons reddende geloof is dat ons iets glo wat van **buite** af kom. Ons glo op hoorsê. Ons het nie ons geloof **uitgedink** nie. Maar, sê Van Ruler, as jy sien hoe die ultra-gereformeerde kan twis en kan skeur oor die "mees splinterig konfessionele kwessies", dan lyk dit alles behalwe asof hulle 'n evangelie gehoor het wat hulle verwonder en verbaas en red. Hulle gee wel geweldig hoog op oor die belydenis en die suiwer leer, en hulle beroep hulle graag op Calvyn, maar as hulle 'n preek van Calvyn sou hoor, sal hulle dit 'n "ligte" en "oppervlakkige" verhaaltjie vind. Vir hulle is goeie preke die beslegting van swaarwigtige dogmatiese kwessies.

Met hierdie mentaliteit was die ultra-gereformeerdes diegene wat om lewe en dood geveg het teen elke nuwe vertaling van die Bybel tydens die Statevertaling en teen elke nuwe liederebundel behalwe die berymde Psalms op ewe lang note gesing.

Die tiende kenmerk wat AA van Ruler uitwys, is dat die ultra-gereformeerde 'n tiran is; 'n geestelike tiran, 'n wrede heerser.

Kyk, hy het by homself uitgemaak dat hy van ewigheid af uitverkies is, dat hy in die tyd kragdadig geroep is en in die kern van sy bestaan weer gebore is. En omdat die heiliges volhard — volgens ons belydenis — kan hy ook nie tot 'n val kom nie.

Hierdie feite het die super-gereformeerde dan ook aan sy medemens meegedeel; nie net met sy gedrag en met die totaal-verloste uitdrukking op sy gesig nie, nee hy het dit ook in woorde bekend gemaak dat hy op die regte wyse uitverkies, geroep en weer gebore is, en hy het in besonderhede vertel watter weg die Here met hom bewandel het. Van Ruler sê dis nes iemand wat 'n groot operasie ondergaan het en sy wond vir almal wil wys. Loop twee geestelike mense mekaar raak, word dit 'n eindelose uitwisseling van ervaring wat ooreenstem, mekaar aanvul en weerspreek — byna op 'n wellustige manier.

Hierby kom nog dat die arme gewone mense rondom die uitverkorenes aan hulle die nodige erkenning gee; vreemd genoeg, sonder wedergebore insig. Hulle is onbetwisbaar mense wat dubbele eer waardig is soos wat heiliges in die Roomse kerk kwalik was.

En nou hulle tirannieke optrede. Ek haal Van Ruler aan: "Die eerste vorm van tirannie lê daarin dat die geestelike mens, of liewer 'n paar geestelike mense by mekaar (as hulle nie rusie oor die waarheid of oor 'n erfporsie gekry het nie), hulleself en die weg wat die Here met hulle geloop het tot voorbeeld vir almal stel. As dit met 'n ander mens nie net so gegaan het nie, is dit verkeerd... Selfs as hy nie dieselfde woorde en formules gebruik om dit te beskrywe nie — dan het hy duidelik nog nie deel aan die redding nie."

Interessant, sê Van Ruler, is om te luister wat gebeur as 'n ultra-gereformeerde en 'n metodistiese Christen (waaroor môre-aand) mekaar ontmoet en inligting uitruil. Die metodistiese Christen het ook sy mond vol oor die persoonlike bekering en die absolute noodsaakliheid daarvan — natuurlik sonder die uitverkiesing. Hy weet om sonder enige skaamte, selfs skaamteloos en onbeskaamd, sy boesem te ontbloot en van sy eie bekering te vertel en van die weg wat die Here met hom gegaan het. 'n Gewone kerklik-meelewende Christenmens voel al, as hy dit hoor, hoe hy bloedrooi bloos van verleentheid, maar nie ons ultra-gereformeerde broer nie. Hy luister ongeraak en kopskuddend oor soveel oppervlakkigheid. Hy sê: Broer, jy het maar net die woorde, maar van die saak self, weet jy níks. Jy het dit nie hartgrondig deurleef nie. So trap hy met sy lompe klomp-voete alles wat sý toets nie slaag nie, morsdood. As hy sy sin kry, trap hy 'n mens maklik weer terug die verlorenheid in.

Niemand kan ook iets aan hom doen nie, want hy is onaantasbaar, hy is wedergebore en uitverkore. Hy het die koeëlvaste frokkie van die uitverkiesing aan, sê Van Ruler.

★★★

Wat nou so interessant is, is die vraag hoe dit staan met hierdie super-gereformeerdes en die sonde, werklik. Is dit waar wat ons altyd hier in Suid-Afrika van dié wat gereformeerd wil wees, moet hoor — dat hulle lekker in die sonde lewe want dit maak mos nie saak hoe jy lewe nie, jy is klaar gered?

Nee, sê Van Ruler, dit het hy nooit teëgekom nie. Daarvoor is al ons gereformeerde belydenisskrifte te duidelik dat dít nie mag gebeur nie. Maar wat so tragies is, is dat die deugde wat hulle voorstaan nie gebore is uit die barmhartige hart van God nie, dit kom uit die mode en uit die gewoontes van die mense — wat hierdie beterweters verhef en verhard tot die wil van God. Húlle weet en sê wat mag en wat mag nie; hoe daar gepreek moet word; of daar op Sondag geswem mag word — en of dit gemengd mag geskied; hulle besit nie 'n TV nie (hulle toorn teen die goddelose TV) — húlle luister nuus in die motor. Dit is die voorbeelde wat Van Ruler noem. U kan self besluit of ons hier moet byvoeg: dans, die lengte van die hare, eet- en drinkgewoonts; grimering, vrouens met langbroeke, Sondagvisvang, popmusiek ens.

Dus: Al bely hulle dat hulle sondaars is, in praktyk lyk dit asof hulle en hulle alleen presies weet wat reg en wat verkeerd is. Behalwe, sê Van Ruler, dat hulle klaarblyklik geen benul het van die sondigheid van hulle ydele heerssugtige optrede nie; van die gemeenheid van hulle hardvogtige magswellus. Hoe groter gees, hoe groter bees.

★★★

Tot sover Van Ruler.

Ek is bly dat ek self vanaand byna heeltemal geswyg het; dat 'n baie kundige waarnemer die foute van 'n Gereformeerde Christen kon uitwys; 'n Gereformeerde Christen wat die diepsinnigste en die mooiste teologie en godsdiens van die geskiedenis met dweepsiekheid tot sektarisme verander het.

Ek hoop dat dié dapper diagnose, wat 'n mens self raaksny, sal help om die verspreiding van dié siekte by ons te voorkom. En waar dit reeds mag bestaan, tot bekering sal lei.

★★★

# DIE EGTE GEREFORMEERDE GODSDIENS

Dit is my eerlike mening dat die grootste oorsaak vir teenstand teen die gereformeerde godsdiens die feit is dat ons belydenisskrifte nie bekend is nie en nie reg verstaan word nie. En dit is een van die grootste probleme in die kerk vandag om die inhoud van ons belydenisskrifte oorgedra te kry. As ons kerk daarin sou slaag, is ek absoluut oortuig daarvan dat vooroordeel sal verander in hartstogtelike liefde — vir die suiwer goud waarvoor honderdduisende martelaars met hulle bloed betaal het. Hoeveel Franse Hugenote het gesterf in die St Bartolomeusnag? 50 000 se Encyclopaedia Brittannica.

Ons drie belydenisskrifte bevat altesaam 259 artikels of paragrawe gestaaf deur 1345 aanhalings uit die Skrif. (Dit is dus nie waar dat ons die Bybel links laat lê nie. Ons het die belydenisskrifte nie liewer as die Bybel nie. Ons het hulle lief omdat die kerk van die eeue ons daarin leer om die Bybel te verstaan.)

Om nou die 259 artikels in 20 minute kort en korrek op te som, lyk by die eerste kyk onmoontlik. En tog is dit nie regtig so moeilik nie, want oor die loop van die eeue is baie duisende boeke hieroor geskrywe en is die kerngedagtes dikwels saamgevat. Hierdie kort beginsels, hierdie grondwaarhede van ons belydenis het so algemeen bekend geword dat dit vandag selfs nog in Latyn bekend is. (Ons belydenisse is oorspronklik in Frans, Duits en Hollands geskrywe en toe in Latyn gepubliseer sodat almal oral dit kan lees.)

Voordat ek die grondbeginsels opsom, wil ek net graag iets sê oor die geaardheid van 'n gereformeerde Christen. 'n Gereformeerde Christen mag nie anders as nederig wees nie. Want hy is 'n mens wat die woorde van Paulus ernstig moet neem: "Waar is die roem? Dit is uitgesluit." (Rom. 3:27) Ons besit niks wat ons nie ontvang het nie. Ons is onverdienstelik slawe — waarmee sou ons tog wil spog?

Ek praat nie van aangeplakte nederigheid wat die ergste geestelike verwaandheid verberg nie. Ek praat van egte nederigheid wat nie hoog opgee en kan opgee oor eie prestasie of oor die graad van dankbaarheid wat bereik is nie.

Maar dan moet die geesdrif vir die waarheid van die evangelie tog nie vir verwaandheid aangesien word nie.

★★★

* Die eerste waarheid wat 'n fondament vorm van ons belydenis en van ons godsdiens is: **DIE SKRIF ALLEEN. (Sola Scriptura)**

Vir ons as Protestante klink dit so vanselfsprekend dat u sal wonder waarom mens tyd daaraan afstaan. Maar ons moet seker maak dat ons dit reg verstaan.

As ons bely: Die Bybel en die Bybel alleen, bedoel ons nie daarmee dat 'n paar teksies uit die Bybel aangehaal kan word en dat ons liefling-

idees daarmee bewys kan word nie. Ons bedoel: Die **hele** Bybel is die Woord van God. Die Bybel is God se preek vir die mense — van die eerste tot die laaste woord.

Dus, die Pous en die tradisies het nie die laaste sê nie. Maria kan nie — soos wat die Katolieke beweer nou nog gebeur — aan mense verskyn en dinge sê wat nie in die Bybel staan en wat die Bybel weerspreek nie. Elkeen kan nie sommer sê die Gees het hom sus of so gelei nie. **Net die Bybel** is die Woord van God. God het sy hart uitgepraat in die Bybel.

*** GENADE ALLEEN — sola gratia**
Met die oop Bybel in die hand kan ons verstaan waarom die volgende grondpilaar van ons belydenis en ons geloof GENADE ALLEEN is.

Miskien moet ek u net weer herinner aan hoe Luther hierby uitgekom het. Luther was 'n monnik in 'n klooster en sy grootste ideaal was om vir die Here te lewe. Hy wou die Here behaag. En die manier waarop hy voorgesê is om dit te doen, was om die voorskrifte van die Bybel na te kom: Iets soos vrees God en hou sy gebooie, dit is die hele mens. (Pred. 12:13) So, Luther het alles wat hy kon gedoen om elke moontlik gebod van die Here na te kom — maar heeltyd het hy die gevoel gehad dat hy net so ver van God af is soos die Prediker, en dat alles tevergeefs is. Dit het 'n groot angs oor hom gebring en 'n absolute gevoel van verlorenheid. Totdat die betekenis van Rom. 3:24 tot hom deurgedring het: dat ons sonder om dit te verdien **slegs** deur genade gered word; en Rom. 4:5: Dat God die **goddelose** regverdig verklaar; en Rom. 5:8: Dat Christus ons gered het toe ons nog sondaars, nog vyande van God was.

U kan begryp, dit was 'n geweldige ommekeer. Nie deur gehoorsaamheid nie, deur genade alléén word ons gered, sonder enige goeie daad wat ons gedoen het. Ons poging om goeie dade te doen, is die gevolg van hierdie genadige redding.

*** CHRISTUS ALLEEN — Solus Christus**
Hoe is dit moontlik dat ons, sondaars, net uit genade gered kan word?

Dit is moontlik omdat **Christus** aan die reg van God voldoen het. God het nie ons sonde slordig oor die hoof gesien nie, Hy het sy Seun gestuur om die wet in ons plek te volbring en die straf in ons plek te dra.

Maar dan: Christus alléén. As dit genade alléén is, dan móét dit Christus alléén wees. As dit Christus plus ons samewerking is, dan is dit nie meer Christus alleen nie, en dan is dit ook nie meer genade alleen nie. Daarom, en u sal dit dwarsdeur al ons belydenisskrifte aantref, word daar oor en oor gesê dat Christus alléén ons **hele** redding bewerkstellig het, eens en vir altyd, van die wieg tot aan die graf. Hy het dit nie gedoen omdat ons dit werd is, of dit begeer het, of omdat ons Hom aangeneem het nie, maar net omdat Hy ons jammer gekry het — Christus alleen, uit genade alleen.

*** GELOOF ALLEEN — Sola fide**
Die een ding lei tot die ander: Hoe kry ons deel aan die reddingswerk van Christus?

Daaroor is ons belydenisskrif baie duidelik: Nét deur dit te glo. Dit word aan ons verkondig — hierdie evangelie van ons redding — en ons glo dit. Dis die enigste manier.

Ons kry nie deel aan Christus omdat die Heilige Gees ons harte op 'n geheimsinnige manier verander, en dan word ons vroom, en dan is ons Jesus werd en dan red Hy ons omdat ons aan sekere vereistes beantwoord nie. Ons hoor die evangelie wat vertel hoe dat God ons op die kruis gered het toe ons nie gered wou gewees het nie, toe ons selfs nog nie eens daar was nie, en ons glo dit. Net maar glo.

Dit beteken nie dat die glo, die daad van die geloof, ons red nie. Geloof beteken niks. Dit het nie 'n waardigheid nie, sê die Kategismus. **Ons** glo, maar ons is leeg en bankrot. Ons gryp soos parasiete aan Christus vas. Hoe kan dít nou enige waarde hê wat ons red?

So dit bly: genade alleen, Christus alleen, deur die geloof alleen. As die geloof self iets werd was, was dit nie meer genade alleen nie, en ook nie meer Christus alleen nie. 'n Ware geloof is om niks van jou geloof te verwag nie, maar álles van Christus. Want ons bly sondaars — simul justus et peccator: Tegelyk verlostes én sondaars.

*** SOLI DEO GLORIA — Aan Gód alléén die eer**
Die laaste groot grondpilaar waarop ons

belydenis en godsdiens rus, is: Aan God alleen die eer. Dit is tog glashelder: As ons net uit genade gered is, slegs deur Christus — as ons dit van harte mag glo — aan wie sal ons anders eer toebring as aan Gód alléén?

★★★

Nou kom ons by ons goeie werke, ons roeping, ons diens van God.

Omdat die gereformeerde Christen alles so gratis en verniet ontvang het, is hy 'n dankbare mens. Daarom gaan sy lewe daarin op om vir God te lewe. Vir die koninkryk van God. Hy doen dit nie in vrees en angs omdat sy saligheid daarvan afhang nie, maar in vryheid en vreugde, as 'n verloste koningskind.

En sy werk vir die Here is nie net kerkwerk nie. Omdat die aarde aan die Here behoort en die volheid daarvan, is die gereformeerde Christen 'n koninkryksmens wat 'n medewerker van God is in die herskepping van alle dinge. Hy werk as verloste aan die nuutmaak van alles. Hy bou skole en universiteite, hy stel intens belang in die politiek wat probeer om God se reg en sy regverdigheid te handhaaf; hy het tyd vir kennis en kultuur, vir landbou en veeteelt, vir oorlog en vrede. En vir die ekonomie. Die Calvinistiese Christendom — waaruit die gereformeerde kerke voortgekom het — ws die grondleggers van die vryemarkstelsel, van publieke maatskappye en daarom van die aandelebeurs.

As ons praat van goeie werke, moet ons hiérdie dinge tog in ag neem. Goeie werke is waarlik nie net om vir iemand te vertel hoe hy die sonde moet los en moet biduur toe kom nie. Daarom, en sê dit met oortuiging, kan die geestelike lewe in Kameeldrif nie net gemeet word aan die paar mense wat biduur toe kom nie; die paar uit 3000. Daar is baie honderde mense in Kameeldrif wat baie hard vir die Here werk op baie terreine van die lewe, en ons moet hulle nie bedroef deur hulle uit die koninkryk te probeer wegskouer nie. Ons moet ons daarin verbly dat hulle Sondagoggende in groot getalle kerk toe kom om getroos en versterk te word deur die evangelie.

★★★

Die laaste wat ek wil uitwys om ware gereformeerde kerkwees te tipeer, is ons kerkregeringstelsel, want dit is uniek.

Ons is 'n vrye kerk. Ons word nie voorgesê deur 'n pous nie, en ook nie deur die staat nie. Ons word geregeer deur ons eie kerkraadslede in die Naam van Christus. En dat ons so met geld spook, is ons eer en ons trots. Ons belydenis is so kosbaar, dat ons nóóit weer 'n situasie wil laat ontstaan waar dit afgewater kan word weens die feit dat ons iemand na die mond moet praat nie — wiens brood men eet, diens woord men spreekt.

Ons vrede en ons geluk, selfs in die grootste teenspoed, bly dat ons kan sê:

Sola Scriptura: Die Woord alléén;
Sola gratia: Deur genade alléén;
Solus Christus: Deur Christus alléén;
Sola fide: Deur geloof alléén;
En daarom: Soli Deo Gloria — aan Gód alléén die eer.

Dán is ons voor die hele wêreld vry.

---

**25 April 1988**

*Soos op Calitzdorp '85, is my pen 'n gevaarlike giftige ding. Vandag sal die Duitse dokter met sy kliniese vriendelikheid sê die patoloog sê die poliep is kwaadaardig of nie. Ek verwag die eerste. Ek het nie die vaagste benul wat dan sal gebeur nie. Eerstens die operasie. Siekverlof, Besluite en behandeling.*

*Ek vrees my gedrag. Wat almal rondom my dit gaan ontgeld.*

*Vir Gerhard het ek dit die mooiste gesê: Ek het nog altyd alles met geesdrif aangepak; nou sal ek jou wys hoe ek my dood ook met geesdrif aanpak.*

*Dis 'n avontuur. Of kan dit 'n kragmeting wees?*

*In hierdie ure vrees ek die hiernamaals toe werklik nie. Die genade. Nie die bravade nie.*

# JESUS LEEF EN ONS MET HOM??

[Die gevaar van die metodistiese herlewingsdrang in die Ned Geref Kerk]

Wie na die versugtinge van sommiges luister haal hulle rouklere vir die kerk uit. Rougewaad oor die dooie Ned Geref Kerk. Die doodsertifikaat van die kerk word lustig op die kansels en by die konferensies rondgeswaai. En dan styg daar 'n sug na herlewing op. Revival.

Maar is die kerk koud en dood? Of het ons geleer om dit te glo? Ek glo dit is aangeleer. Nie van vandag af nie, maar alreeds vir meer as 'n eeu kry ons dit asof met moedersmelk in. Die gevoel dat die kerk dood is en die sug na die antibiotika herlewing. En wie kan hom beter as medisyne aandien as die metodisme. Reeds vanuit sy ontstaan in Engeland het Wesley sy medisyne vir 'n dooie kerk voorgeskryf. Revival. Maar om die medisyne te wil hê moet jy op sterwe lê. En dit word jy oor en oor geleer — tot jy dit glo.

En die leermeesters beskou hulleself dan nooit as deel van die sterwendes nie. Van ouds af opereer hulle van langs die kerk. Nooit solidêr nie, maar as die ingeligdes wat "weet" die kerk sterf. En wat die medisyne van herlewing aandien as die finale oplossing.

Dié oplossing glo ek is die grootste gevaar vir die lewende kerk van die Here. En by name ons eie Ned Geref Kerk. Vir meer as 'n eeu reeds word ons gedurig die medisyne van herlewing voorgeskryf. En dit terwyl ons vanuit ons oorsprong lewe by wyse van **reformasie**.

Niks het die lewe van die kerk meer aangetas as dié medisyne waarvoor die kinders van die hervorming dodelik allergies is. Die vraag ontstaan hoe dit kon gebeur dat 'n gereformeerde kerk se medisynekas met "revival" spog?

Wel, die metodisme het saam met die verengelsing gekom. En al gou die "dooie" Kaapse kerk as pasiënt geeïen. Hier is geen herlewing nie. Net koue doodsheid. En dadelik moet die medisyne toegedien word. As die pasiënt net kan agterkom dat hy dodelik siek is. En 'n spreekkamer in die naam van die Zuid-Afrikaans Evangelies Verbond word geopen. Die Metodiste nooi die Ned Geref dominees uit om te leer diagnoseer. Te deel in hulle ywer om van langs die kerk hulle te beywer vir lewe in die kerk. Revival. Want die gereformeerde leer maak mos dood en red nie.

Vanuit hierdie verbond se invloedsfeer sou die kerk begin glo dat hy aan sterwe is. Later is oral gebid vir herlewing in die kerk. En toe genoeg mense van buite gewys is op die doodsheid van die kerk het die "groot herlewing" van die vorige eeu noodwendig gevolg. 'n Groot groep mense het onder dié vreemde invloed die strooipop wat opgesit is afgeskiet. En van toe af glo heelparty dat die antwoord vir die kerk in herlewing lê en nie in reformasie of herontdekking nie.

Een van die grootste winste vir die metodistiese gevaar was dat selfs 'n geëerde kerkman soos dr Andrew Murray hierdeur beïnvloed is. Dit kan seker teruggevoer word na die konventikel voorliefde vanuit sy studiejare in Holland. Sonder om 'n groot man van kwaadwilligheid ten opsigte van reformasie verdag te maak, vind 'n mens dat hy die gedagte van revival gedien het. Só was hy die eerste president van die Y M C A. En stigter van ander groepies wat die tipiese werkswyse van die revival gevolg het. Om die mense wat "lewe" in verenigings te versamel vanwaar die "dooie" kerk bereik moet word. Andrew Murray se stem het geloofwaardigheid aan 'n reformasievreemde metode gegee. Vandag nog word hieraan sanksie verleen deur mense uit daardie sg. "warm" hoekie van die kerk.

Van toe tot nou dié metode: 'n Vrye vereniging of 'n interkerklike groep langs die kerk. Daar betrek hulle die lidmate. Daar bekeer hy hulle. Vandaar word hulle sendelinge vir herlewing in die kerk. Oor meer as 100 jaar was dié voertuig daar. Telkens net 'n ander naam. Oxford beweging; Christelike Strewers; Morele Herbewapening; A E B; Jeug vir Christus en baie wat uself in 1988 sal kan uitwys.

Dit bekommer 'n mens dat ons toelaat dat ons kerk se lidmate buite die kerk se amptelike bediening om bedien moet word. Dit is tog ons onvervreembare reg. Steeds word hulle geleer dat die kerk "dood" is en dat die lewe by die vereniging is. Hulle werk op die kampusse en op ons strande. Hulle kom in ons sitkamers in om

ons teleer dat ons kerk dood is. En tog sien ons nie die gevaar nie.

Seker omdat dit deel is van ons gestel. Ons het geen tyd geken dat dié gevaar nie deel van ons kerk was nie. Ons is nie meer verbaas oor tentveldtogte en plakkate nie. Ekself het dit beleef as jongman: Die kinders op die straat bekeer omdat ek gedink het die "dooie" dominee sal hulle vir die hel oorlaat.

Is dié medisyne dan verkeerd? Ek dink die uitwerking is dodelik. Interessant dat dit juis in dié kringe is waar daar nie met die kerklike versekeringe erns gemaak word nie. Die doop sê vir baie van hulle niks. Dat Christus ons gered het toe ons nog sondaars was staan maar agter in die ry as **ek besluit** om Jesus aan te neem. Dis in die kringe waar meer klem op die nagtelike oorgawes gelê word as jongmense se belydenis van Jesus as Here tydens die aflegging van belydenis. Dis die noodwendige gevolg. As mens net nie die erewoord van mense wil aanvaar nie. As 'n mens wíl glo dat die kerk dood is en net sal kan lewe as dit weer van buite ingeblaas word. En dit nie van Bo nie, maar vanuit die vereniging of kleingroepie. Daarom dat in soveel bidure die versugting om herlewing gehoor word. Die kerk het die doodsertifikaat begin endosseer. En die lidmate vrees dat hulle op die kerk se banke sal verlore gaan. Dit terwyl ons kinders van die Reformasie is. Die metode is dus nie die enigste gevaar deurdat dit die kerk se werk nietig verklaar nie, maar veral die teologiese inhoud vanuit die metodistiese herlewingskultuur wat so deel word van die "nuwe lewe" in die kerk. Kan 'n kerk wat lewe by grasie van die dwaalleer se bemoeienis dan ware kerk bly?

Ek glo dat die tyd aangebreek het om die dodelike gevaarlike medisyne van herlewing van die rak te haal. Dat dit tyd geword het om te werk en te bid vir reformasie. Of wil u steeds die pad van die metodisme en sy herlewingskultuur loop? Wel doen dit dan voluit. Aanvaar dan wat dikwels in een pakkie daarmee saamkom:

Dat God nie mense uitverkies het nie, maar die keuses aan ons oorgelaat het. Verwerp die verbondsgedagte. Vergeet van die Christelike gesin. Sê openlik soos metodiste dat u 'n Arminiaan is. Sê vir die gelowiges dat hulle weer kan verlore gaan. Bedank dan uit die Ned Geref Kerk wat vir die verdoemenis bestem is.

**OF**

Wees weer kerk van die Here. Kerk wat glo dat die Here ons uit die dood na die lewe gebring het. Laat ons opstaan en reformeer.

Terug na die Woord, na die genade, na die geloof, na die kruis, na Christus. In kort, die Evangelie. Die Evangelie is die geboortesertifikaat van die kerk. Die Evangelie skryf nie 'n doodsertifikaat uit nie, maar vertel van die ou dinge wat verbygegaan het en dat alles nuut geword het. Die Evangelie troos ons dat God ons sy eiendom gemaak het aan die kruis. Dat Hy hom per verbond met ons as kerk en gesin verbind het. Die Evangelie troos ons dat niks ons uit sy hand sal ruk nie. En hierin lê die lewe van die Ned Geref Kerk. Nie in herlewing nie, maar in Reformasie. Laat ons weer bely

*Sola Scriptura*
*Sola Gratia*
*Sola Fide*
*Solus Christos*
*Soli Deo Gloria*

Dan verbrand ons die rouklere. Dan bely ons ons is beklee met Jesus Christus. Dan hoor ons nie meer 'n dodemars nie, maar sing ons saam met die kerk van die eeue 'n nuwe lied: Jesus leef, en ons met hom.

---

**9 Junie 1988**

*Wat 'n verskriklike 2½ maande agter die rug. Daar is twee dinge wat ek die graagste sou wou terugkry en dit is om nie pyn te hê nie, en die tweede is om my verstand te kry.*

*Om eerlik te wees, die eerste is al baie beter. Die tweede sukkel-sukkel, sukkel maar hier in die nag. Dié dat ek hier 4.24 in die oggend sit en skryf. Woorde wat sin maak. Nie 'n klomp gemors nie.*

*Die derde is die geweldigste hoewel ek so 'n groot sondaar is dat ek dit nie eerste geplaas het nie. Om te bid. Here, Here, Vergewe my God. En as ek glo dat ek u ruserkenning mag glo, dat ek dit reeds mag glo, hoor dan my dankgebed dat dit waar so is. Onmiddellik na die wet, die genadeverkondiging.*